

Jesus en die behoeftiges



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Lukas 1:46-55, hfst. 4:16-21 en 7:18-23; Matteus 12:15-21 en hfst. 21:12-16; Markus 11:15-19; Jesaja 53:3-6.

Geheeteks:

“Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om dié wat verblysd van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om dié wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig” (*Lukas 4:18 en 19, OAB*).

Een van die talle redes vir Jesus se eerste koms was om God se aard en wese aan die mensdom te toon. Hoe het die Heiland dit gedoen? Deur sy leer, deur sy soendood, en deur sy lewe – m.a.w. deur sy interaksie met doodgewone mense. Baie van die dinge wat Hy gedoen het, het ’n tasbare en teenswoordige verskil in ander se lewens gemaak. Hierdie sy van die Messias se bediening is deur die Ou-Testamentiese profete en deur Jesus se moeder, Maria, voorspel. Jesus het dit Self ook tydens sy eerste opgetekende preek voorspel, toe Hy sy sending omskryf het (*Lukas 4*). Wat meer is, die Evangelieskrywers het dikwels die taalgebruik van die Ou-Testamentiese profete ingespan ter beskrywing van Jesus se doen en late. Op hierdie manier dan, kon en kan Jesus se lewe op ’n klinkklare wyse teen die agtergrond van die profetiese tradisie gesien word, ’n agtergrondprentjie wat die profete se medelye met die arm mense en die onderdrukte duidelik laat deurskemer het. Vanmelewe se godsdienstige leiers het Jesus natuurlik as ’n bedreiging beskou. Onreg en wreedheid het ’n nuwe laagtepunt bereik toe hulle Jesus laat arresteer, onregmatig laat verhoor en daarna laat kruisig het. Deur Jesus se lydingsbeker weet God hoe onreg voel, en deur sy dood het Hy presies kom wys hoe aaklig sonde in werklikheid is. Deur sy opstanding het Hy egter die goeie en die lewe self, asook verlossing, laat triomfeer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 17 Augustus.*

Maria se loflied

Stel jou dit voor: Maria het net 'n paar dae gelede 'n boodskap van die engel Gabriël ontvang. Tydens die besoek sê hy dat sy die moeder van Jesus, die Seun van die Allerhoogste, gaan wees. Sy het nog vir niemand daarvan gesê nie, maar nou is sy op pad na Elisabet, 'n ouer bloedverwant wat self ook op 'n wonderbaarlike wyse swanger geword het en 'n babatjie verwag. In 'n oomblik van geestelike insig besef Elisabet wat Maria se nuus is, nog voordat Maria behoorlik kan groet. Tesame vier die twee vroue die beloftes en goedheid van die Here.

Lees Lukas 1:46-55. Let op die wonderdade waarvoor Maria die Here loof. Dit is 'n samestelling van lof en aanbidding. Sy prys die Here vir wonderwerke wat Hy in haar eie lewe verrig het – “Want Hy, die magtige Een, het groot dinge vir my gedoen” (Luk 1:49, NLV) – asook vir die wonderwerke wat God onder sy kinders as 'n geheel gedoen het. Hoekom behoort ons lofprysing en aanbidding op God se wonderdade binne persoons- én groepverband klem te lê?

Dit is 'n merkwaardige loflied dié, wat maklik deel van die psalms of die Hebreërs se profetiese geskrifte kon wees. Maria is die ene verwondering en dankbaarheid oor God se wonderdade in haar lewe. Duidelik het sy Gods goedheid eerstehands ervaar. Tog is Maria weldeeglik bewus van die wydlopendheid van die Godsplan, dat dit op haar volk en op die mensdom afgestem is. Volgens Maria is God nie net magtig en prysenswaardig nie, maar ook barmhartig, met 'n besonderse agting vir die nederige, die vertrapte en die armlastige. Die engel was skaars klaar met sy aankondiging – met sy “goeie nuus” oor haar swangerwording – toe Maria die volgende sing: “Hy het prinse onttoon en nederiges verhef. Hy het dié wat gebrek ly, met goeie dinge versadig, en die rykes met leë hande weggestuur” (Luk. 1:52, 53, NLV). Die verhaal oor Jesus se aardse lewe begin ook met sy bekendstelling as heerser (lees Luk. 1:43) – maar nie as die koning van 'n aardse koninkryk nie. Soos baie kommentators dit al tereg beskryf het, was die koninkryk van God wat Jesus kom inhuldig en vestig het eintlik 'n soort “onderstebo koninkryk” – onderstebo in vergelyking met die tipiese maatskaplike rangleer van wêreldse koninkryke. Volgens die Bybel kom die maghebbers en die rykes laaste in Jesus se koninkryk; en word die armes en die onderdrukte bevry, “versadig” en verhef.

Die kerk is veronderstel om die beliggaming van die Gods koninkryk te wees. Die vraag is net: Hoe vaar die kerk met die uitleef van die “onderstebo koninkryk” wat Maria in haar loflied beskryf het? Wat meer is: Hoe kan 'n mens dit uitleef sonder om die maghebbers en rykes totaal uit te skuif, mense wat immers deur Gods genade net so geregtig op die liefde van Christus is?

Jesus se sendingverklaring

Of dit nou die voorgeskewe dagstukkie was en of Jesus doelbewus die boekrol tot daar (*Jes. 61:1, 2*) oopgerol het, weet niemand nie. Die feit dat hierdie verse wel die notas vir sy eerste preek was, is geensins blote toeval nie. Dit is ook geen toeval dat Lukas sy boekstaving van Jesus se openbare bediening met hierdie bybelverhaal in hoofstuk 4:16-21 – die een met die kort prekie waarin Jesus sê: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul” (*vers 21, NAB*) – begin het nie. Dit lyk of Jesus voortsing aan Maria se lofied oor die “onderstebo koninkryk” – een wat Hy dan in sy bediening tot uitvoer bring. Jesus – en Lukas wat dit oorvertel – gebruik hier die profesie van Jesaja om Jesus se lewensbenadering en sy komende sending te verduidelik. Tog was dit ook ’n manier om uitdrukking te gee aan die idees wat Maria 30 jaar vantevore in haar lofied genoem het. Die armes, dié wat seerkry, die onderdrukte – al hierdie mense is die fokus en ontvangers van die blye boodskap wat Jesus bring. Jesus het hierdie verse uit Jesaja 61 as sy missieverklaring gebruik. Sy bediening en sending moes beide geestelik en prakties wees, en Hy sou demonstreer dat die geestelike en die praktiese nie onversoenbaar is soos wat mense dikwels meen nie. Vir Jesus en sy dissipels was die stoflike en praktiese versorging van mense minstens deel van hul geestelike versorging.

Lees en vergelyk Lukas 4:16-21 en 7:18-23. Let op die antwoord wat Hy Johannes se dissipels gee. Hoekom, dink jy, het Hy so geantwoord? Hoe sal jy soortgelyke vrae oor Jesus se goddelikheid en Messiasskap beantwoord?

Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het, het hulle dieselfde sending ontvang as wat Hy gehad het. Hulle moes die goeie nuus verkondig dat “die koninkryk van die hemele naby gekom het” (*Matt. 10:7; OAB, woordorde aangepas*). Dan ’n verdere bevel: “Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee” (*vers 8, OAB*). Die bediening wat hulle in sy Naam moes verrig, moes die waardes en beginsels van Jesus se bediening asook die koninkryk waartoe Hy die mense geroep het, weerspieël en daaraan uiting gee. By Jesus moes hulle aansluit in sy sending ter opheffing van die agtergeblewene, diegene wat gering geskat is, en dié wat verlore was.

Hoe balanseer ’n mens hierdie opheffingswerk met die allerbelangrike verkondiging van die Drie-engeleboodskap aan ’n verlore-gaande wêreld? Hoekom moet alles wat ons doen, op een of ander manier, met die verkondiging van die “teenswoordige waarheid” verbind word?

Jesus bied genesing

Die evangelie is deurspek van stories wat toon hoedat Jesus wonderwerke verrig het, veral om siek mense te genees. Soos Jesaja tereg voorspel het, het Jesus die blindes genees en ook siek mense uit die kettings van siekte – soms jarelange siekte – bevry (*lees byvoorbeeld Mark. 5:24-34 en Joh. 5:1-15*). Tog het Hy ook meer as dit gedoen: Hy het die verlamdes laat loop; die melaatses genees (en nie net deur die spreek van ’n woord nie, maar ook deur die aanraking van die sogenaamde “onreines”); Hy het demone gekonfronteer wat mense verstandelik en liggaamlik beset het; en Hy het selfs mense uit die dood opgewek. Het Jesus boonop hierdie wonderwerke gedoen ten einde ’n skare te trek of om die twyfelaars en kritici van sy goddelike krag te oortuig? Hierdie bykomende redes maak tog sin, nie waar nie? Nietemin was dit nie altyd die geval nie. Intendeel, Jesus het dikwels die geneesde persoon aangesê om liewers nie daaroor te praat nie. Tog was dit waarskynlik onafwendbaar dat sulke mense nie Jesus se instruksies sou volg nie, en dat hulle wel ander daarvan sou vertel. Al wat Jesus met daardie versoekte stilsy wou regkry, was om ’n belangrike punt tuis te bring, naamlik dat sy wonderwerke oor meer as net die skouspelagtige gaan. Die ware doel – die einddoel – van hierdie wonderwerke was natuurlik om verlossing in Christus aan die mense te bring. Die wonderbaarlike genesings was boonop ’n uitdrukking van Jesus se medelye. Let op Matteus se woorde, oor die gebeure in aanloop tot die voeding van die 5.000: “Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak” (*Matt. 14:14, NAB*). Daardie siek mense se pyn, was sý pyn; en daarom het Hy sy bes gedoen om almal wat Hy teëgekrom het, te help en op te hef.

Lees Jesaja se profesie in Matteus 12:15-21. Jesaja en Matteus het besef dat die Messias se wonderwerke oor meer as net die genesing van ’n klomp – of selfs van honderde – siek mense sou gaan (en gegaan het). Hoe gee hulle dit te kenne?

“Elke wonderwerk wat Christus gedoen het, was ’n teken van sy Goddelikheid. Hy het presies gedoen wat die profete gesê het die Messias sou doen. Tog het Jesus se aktiewe medelye die Fariseërs absoluut dwars in die krop gestee. Menslike lyding het die Joodse leiers koud gelaat. In baie gevalle is die ongesteldhede waarvan Christus die mense genees het, deur die leiers se selfsug en onderdrukkende praktyke veroorsaak – en daarom was hulle geneig om Jesus se wonderwerke as ’n stille teregwysing te sien” (*Ellen G. White, The Desire of Ages*, bl. 406). Jesus se wonderbaarlike genesings was dade van barmhartigheid en geregtigheid. Tog eindig Jesus se wonderwerke nie net by die liggaamlike en psigiese genesing van siek mense nie. Op die keper beskou, het al sy wonderwerke ’n hoër doel gehad – naamlik om mense na die ewige lewe te lei (*lees Joh. 17:3*).

Die reiniging van die tempel

Wanneer 'n mens die evangelieskrywers se verhale oor Jesus lees, is dit dikwels Jesus se sagtheid wat 'n mens aangryp – sy omgee vir siek mense en vir kinders, sy storietjies oor die soeke na mense wat verlore is, en sy woorde oor die koninkryk van God. Dit is dalk die rede hoekom ander grepe uit Jesus se lewe 'n mens half onkant betrap – dié waarin Hy mag en mening uitvaar, veral teen die destydse godsdienstige leiers en party van hul praktyke.

Lees Matteus 21:12-16, Markus 11:15-19, Lukas 19:45-48 en Johannes 2:13-17. Is dit noemenswaardig dat variasies van hierdie verhaal in elk van die Vier Evangelies verskyn?

Dit is geensins verrassend dat hierdie voorval in elk van die Vier Evangelies opgeneem is nie. Dit is die ene drama, aksie en passie. Die doel waarvoor die tempel hier gebruik is, en die vervanging van ware aanbidding met die verkoop van offerdiere, het Jesus duidelik gepla. Al die verhewe dinge wat daardie offers moes versinnebeeld – sy komende soendood ten bate van die mensdom – is vertrap! Hierdie direkte optrede sluit mooi aan by die Hebreeuse profetetradisie. Dit blyk uit die woorde van Jesus of selfs die evangelieskrywers, waar hulle vir Jesaja, Jeremia of die psalmdigters aanhaal om bepaalde gebeurtenisse in hierdie spesifieke bybelverhaal toe te lig. Boonop het die mense vir Jesus as 'n profeet beskou (*lees Matt. 21:11*) en 'n mens sien dan ook hoedat hulle na die uitgooi van die handelaars en geldwisselaars na die binnehof van die tempel terugkeer om daar genesing en lering by Jesus te ontvang. Jesus het dus op die mense gefokus – deur sy aanraking is hulle heelgemaak, en deur die aanhoor van sy leer is hoop in húl harte geboorte. Die godsdienstige leiers het Jesus ook as 'n profeet erken – een wat hul mag bedreig en die bestaande maatskaplike orde in gevaar gestel het – met die gevolg dat hulle saamgesweer het om Hom om die lewe te bring, net soos hul voorgangers in die voorafgaande eeue met die profete van ouds gemaak het (*let op dié kontras tussen die leiers en die mense in Lukas 19:47, 48*).

Jesus moes ingryp om die tempel te reinig. Hoe kan ons as lidmate ons deel doen om te verseker dat ons plaaslike gemeentes nie sulke ingrypings benodig nie? Hoe kan ons onthelgende invloede in die gemeente vermy? Meer spesifiek, teen watter invloede moet ons waak?

Die kruis van Christus

Die feit dat God 'n God is wat op die noodkrete van die armlastige en die onderdrukte ag slaan, is besonder vertroostend. Dat God ook 'n God is wat deur sy Seun die grofste vorms van onmenslikheid, onderdrukking en ongeregtheid beleef en deurgemaak het, skreeu egter ten hemele. Ten spyte van al die medelye en goedheid wat Jesus gedurende sy aardse sending en bediening aan ander betoon het, verloor hy sy lewe vanweë jaloesie, haat en onreg. Dit begin by sy benoude gebede in Getsemane. Dan is daar sy inhegtenisneming en die geknoeiende “verhore”, asook die marteling en bespotting, en dan sy kruisiging en dood. Deur al hierdie dinge heen was dit net een vlag pyn, wreedheid, boosheid en onderdrukkende magsvertoon op die ander. Om alles te kroon het 'n mens die skrilte kontras van die Lydende Party se onskuld, sy vlekkeloosheid en goedheid: “Maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis” (*Fil. 2:7, 8, NIV*). Die ontvouende verlossingverhaal is 'n bril waardeur 'n mens die prag van Jesus se soenoffer ter wille van die mensdom duideliker sien. Tog moet ons nie die wreedheid van sy lyding en die omvang van die onreg wat Hom aangedoen is, miskyk nie.

Lees Jesaja 53:3-6. Wat sê dit vir ons oor die dinge wat met Jesus gebeur het, oor die onskuldige wat vir die skuldiges moes ly? Hoe help dit ons om sy lyding ter wille van ons beter te verstaan?

Deur sy Seun weet God hoe dit voel om 'n slagoffer van ongeregtheid en die bose te wees. Die teregstelling van 'n onskuldige man skreeu ten hemele, hoeveel te meer die moord op God. God het so sterk met ons gebroke en gevalle menswees geïdentifiseer dat ons nie aan sy empatie, medelye en trou kan twyfel nie: “Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde” (*Heb. 4:15, OAB*). Wat 'n openbaring van God se karakter is dit net nie! Die kruis – God se goeie nuus aan die mensdom – is iets wat die verstand te bowe gaan.

In alles wat ons vir die Here doen, veral in ons uitreikwerk onder die behoeftiges, moet die dood van Christus as ons groot Plaasvervanger voorrang geniet. Dit moet altyd die middelpunt van ons sending en lewensdoel wees – en nie net vir onself nie, maar ook ter wille van diegene wat ons help. Hoe gemaak om dit te bewerkstellig?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “In the Footsteps of the Master” op bl. 117-124 in *Welfare Ministry* en “Days of Ministry” op bl. 29-50 in *The Ministry of Healing*, asook “The Temple Cleansed Again” op bl. 589-600 en “In Pilate’s Judgment Hall” op bl. 723-740 in *The Desire of Ages*. “In sy Woord gee God ons klinkklare bewyse dat diegene wat sy wet verontagsaam, gestraf sal word. Dié wat hul gewetens sus met die idee dat Hy te barmhartig is om sy oordele oor die sondaar te bring, hoef net na Golgota te kyk. Die dood van die vlekkelose Seun van God getuig dat ‘die loon van die sonde’ inderdaad ‘die dood’ is, dat elke oortreding van God se wet sy regmatige straf het. Die sondelose Christus het in die plek van die mens sonde geword. Hy het die skuldvas van ons oortredings, en van die Vader wat anderpad kyk, verduur – totdat sy hart eers figuurlik en toe letterlik ingegees het. Hierdie vreeslike opoffering was sodat sondaars gered kan word. Die mens kan op geen ander manier die sondestraf ontkom nie. Wat meer is, elkeen wat weier om die versoening wat so duurgekoop is, deelagtig te word, sal self die skuldvas en straf vir hul oortredings moet dra” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 539, 540).

Vrae vir bespreking:

1. Lees die Ellen G. White-aanhaling hierbo. Bespreek die realiteit van die onreg wat Christus aangedoen is – Hy wat as onskuldige ter wille van die skuldiges die sondebok gemaak is! Hoekom is dit so belangrik om hierdie deurslaggewende waarheid deurgaans voor oë te hou?
2. Jesus het Hom nooit vir politieke hervorming beywer ten einde sy soort koninkryk tot stand te bring nie. Die geskiedenis is, per slot van rekening, besaai met mense se tragiese pogings tot transformasie m.b.v. geweld en onderdrukking, en dit om verligting vir die vertraptes en die onderdruktes te bring. Al wat dikwels daarmee bereik word, is die vervanging van een tipe onderdrukker met ’n ander. Nietemin kan en behoort Christene met hul lande se regerings saam te werk, ten einde die vertraptes te help, maar nie m.b.v. politiek nie. Die vraag is net: Hoe doen ’n mens dit sonder om in politiek verstrengel te raak?
3. Dink ’n bietjie daaraan: die verlossingsplan behels so baie dinge. Jesus, die toonbeeld van reg en geregtigheid, kom sterwe vir die mens wat so graag onreg laat geskied – en Hy doen dit vir jou en vir my. Hoekom behoort Christus se groot opoffering ter wille van die mens, van ons nuwe mense in Hom te maak?

Opsomming:

In die Evangelies word Jesus se bediening met behulp van die Ou-Testamentiese profete se geskrifte bekend gestel en toegelig. Goeie nuus aan die armes, vryheid aan die onderdruktes, en genesing aan die gebroekenes liggaam en gees is alles kenmerke van die lankverwagte Messias, dinge wat Jesus uiteindelik in sy bediening uitgeleef het. Tog het Jesus met sy kruisdood ook die toppunt van ongeregtigheid belewe totdat Hy uiteindelik al die gruwels van ons sondigheid en onmenslikheid oorwin het. Danksy sy onregmatige dood – sy soendood ten bate van die mens – het ons vergifnis van sonde en kan ons nou die beloofde ewige lewe tegemoetgaan.